

Nuus van Streeksontwikkelingsverenigings

Breërivier

Die twee sustersverenigings n.l. Breërivier-Ontwikkelingsvereniging en die Verenigde Breëriviervereniging het op 18 Oktober gesamentlik kongres gehou te Worcester by welke geleentheid Sy Edele Mnr. S.P. Botha, Minister van Waterwese die afd.gevaardigdes toegesprek het. Prof. Page het ook 'n lesing gelewer oor die rol van ontwikkelingsverenigings in streekbeplanning.

Olifantsrivier

Die vereniging het sy agtste jaarkongres gehou op Lutzville op 30 Oktober vanjaar. Die openingsrede is gevoer deur Mnr. F.A. Loots, L.U.K. Weëns die momentum wat die Saldanha-

projek reeds gekry het, voel die bestuur dit noodsaaklik dat aanpassings gemaak moet word aan die streeksplan van die Olifantsrivier om vir moontlike nadelige gevolge daarvan te vergoed.

Wes-Transvaal en Aangrensende Gebiede

Die tiende jaarkongres is gehou op 31 Oktober en 1 November te Potchefstroom. Sy Edele, Mnr. J.J. Loots, Minister van Beplanning het die openingsrede gevoer en referate is gelewer deur Proff. N.J. Swart en F.J. Potgieter en Mnr. P.J. v. E. Pretorius, H.J.D. van der Walt en J.J. Botes. Die funksie van ontwikkelingsverenigings was onder andere onder die soeklig.

Boekbespreking

McHarg, Ian L. *Design with Nature*.

Doubleday & Co., Garden City, New York. 198 pp.

Toe Ian McHarg na tien jaar van afwesigheid terugkeer na die landelike omgewing buite Glasgow waar hy grootgeword het, moes hy tot sy grootste ontnugtering agterkom dat die groot stad al die mooi plekkies ingesluk het. Die heuwels was weggestoort om die valleie te vul, die plaashuise afgebreek; elke boom, struik, rots, varing en orgidiee was weg. In die plek daarvan was rye en rye eenvormige huisies rondom smal strate — alles in die naam van staatsbeplanning, die professie waartoe McHarg hom toe so pas bekwaam het.

Oortuig daarvan dat die natuur net so waardevol binne die stad is as daarbuite het McHarg begin soek na 'n nuwe benadering tot beplanning, na 'n werkmethode waarvolgens stedegebou die natuur nie sou vernietig nie maar daarby sou aanpas. Hieruit het ontwikkel die McHarg-metode van beplanning, wat in sy merkwaardige boek *Design with Nature* uiteengesit word.

Kortliks kom die metode daarop neer dat die terrein wat beplan moet word deeglik bestudeer word deur deskundiges in die verskillende vertakkings waarin die natuur 'verdeel' kan word: klimaat, geologie, fisiografie, hidrologie, grond, plant- en dier-assosiasies, ens. Elkeen word afsonderlik gekarteer en binne elke vertakking word 'n stel waardes vir menslike benutting ontwikkel — hetsy stedegebou, rekreasië of beskerming. Deur hierdie waardes d.m.v. verskillende intensiteite van kleur op deurskynende materiaal aan te bring, dan die kaarte vir die verskillende vertakkings oor mekaar te lê en van onder te belig, word 'n sifmetode daargestel waarvolgens die beste terrein vir elke gebruik duidelik aan die bokant geïdentifiseer kan word. So word die waardesisteme van al die elemente van die natuur in aggeneem en in verband gebring.

Die McHarg-metode is nie bloot 'n mooi teorie nie. In sy boek pas hy dit toe in die belyning van 'n snelweg, die uitleg van 'n woonbuurt en die beplanning van Stateneiland.

Die meriete van die metode lê daarin dat dit omvattend, wetenskaplik, logies en herhaalbaar is; enige groep deskundiges behoort in elke geval tot min of meer dieselfde gevolgtrekkings te kom. Meer nog, hier het ekologie en ontwikkeling vir die eerste maal op hoë vlak tot sintese gekom.

— J.H. Gilmore

Beplanningsverslae

OLIFANTSRIVIER

Van amptenare by die Departement van Beplanning en die Omgewing word verneem dat die Beplanningsverslag van die Olifantsrivierstreek tans by die Staatsdrukker is en waarskynlik vroeg in die nuwe jaar beskikbaar sal wees.

'N GIDSPLAN VIR DIE PWV KOMPLEKS

'n Voorlopige verslag van 'n konsortium van ingenieurs is onlangs voorgelê aan die Transvaalse Provinsiale Administrasie waarin die voorgestelde hoofpadnetwerk van die Pretoria-Witwatersrands-Vereeniging kompleks verduidelik word.

Aangesien daar 'n duidelike behoefte bestaan vir riglyne wat as agtergrond kan dien vir die ordening en programmering van die toekomstige ontwikkeling van die PWV-kompleks, het die Departement van Beplanning en die Omgewing, met die voorstelle vir die hoofpadnetwerk in gedagte, 'n gidsplan opgestel vir die toekomstige ruimtelike ontwikkeling van die gebied. Die voorstelle sal ook 'n aanduiding gee aan grondeienaars en potensiële ontwikkelaars ten opsigte van toekomstige stedelike ontwikkeling soos in vooruitsig gestel deur die Departement.

Op hierdie stadium is die voorstelle slegs vir algemene inligting gepubliseer met die oog op kommentaar van belangstellendes. Die publikasie is beskikbaar by die Sekretaris van Beplanning en die Omgewing, Privaatsak X213, Pretoria 0001.

By 'n vlugtige deurlees van die verslag maak dit 'n baie goeie indruk. Afdelings word gewy aan 'n historiese oorsig, die morfologiese struktuur, die bevolkingsverspreiding en -migrasie, werkgeleenthede en die vervoerpatrone. Voorstelle behels die plasing van die verskeie metropolitaanse funksies en die vervoerstelsel. Hoogs interessant en belangrik lyk ook die voorgestelde verspreiding van publieke oop ruimtes.

ORGANIZATION FOR PHYSICAL PLANNING

In this publication of the Institute for Planning Research of the University of Stellenbosch the various authorities in control of planning in the Western Countries are described in detail. Planning is considered to be handled on four levels in most of the advanced countries, viz the national development policy formulation level, the regional research and implementation level, the local town planning level and recently also the metropolitan or inter-municipal level.

South Africa is now entering the stage of growth where metropolitan planning is becoming critical and models derived from the overseas countries may contain valuable lessons for us.

The volume is available from the Director of the Institute for Planning Research, University of Stellenbosch, Stellenbosch 7600 at R2 per copy.